

FISIOLOGIE SG

Vir 'n vraestel wat as betreklik maklik voorgekom het, was die uitslae teleurstellend. Algemene tendens is dat kandidate die vraestel redelik goed begin het, maar gaandeweg al swakker gevaar het en uiteindelik by die laaste vraag feitlik niks beantwoord het nie.

Kandidate moet geleer word om

- elke vraag goed te lees ten einde te verstaan wat gevra word
- nie oorhaastig te antwoord nie, maar om stadig te werk
- versigtig te dink oor wat hulle skryf en nie bloot enige woord of sinsnede waaraan hulle kan dink, neer te skryf nie.

Enkele punte waarop gelet moet word

1. Algemene foute
 - **Aminosure** is nie afvalprodukt of bestanddeel van urine nie.
 - **Hippuursuur** kom nie in die mens se urine voor nie, maar slegs in dié van perde.
 - Die **iris** bestaan uit twee spiere, die **kring-** en die **radiaalspier**.
2. Terminologie
Dit is baie belangrik om te onthou dat spiere **verslap** en **saamtrek**, terwyl bloedvate **verwyd** of **vernou**, maar nooit oop- en toegaan nie.
3. Wanneer iets gedefinieer moet word, is dit belangrik dat daardie woord nie in die verduideliking gebruik moet word nie, bv. Bevrugting is die bevrugting van ...

PHYSIOLOGY SG

For a question paper that seemed to be fairly easy, the results were disappointing. A general trend was that the candidates started the paper reasonably well, but then the quality of their answers deteriorated until they barely answered anything at all in the final question.

Candidates must be taught

- to read each question carefully in order to understand what is asked
- not to rush into an answer, but to work slowly
- to think carefully about what they write and not to use just any word or phrase that comes to mind.
(We were told by one of the candidates, "In birth the head must come off first"!!)

A few points to remember:

1. Frequent mistakes
 - **Amino acids** are not a waste product or component of urine.
 - **Hippuric acid** is not found in the urine of man, only in that of horses.
 - The **iris** consists of two muscles, the **circular** and **radial** muscles.
2. Terminology
It is very important to remember that muscles **contract** and **relax**, while blood vessels **dilate** or **constrict**, but never open or close.
3. When something must be defined it is important to remember that the term to be defined must not be used in the definition, e.g. Fertilization is the fertilizing of ...